

**5 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 5 (OAV); 1 KORINTIËRS 6:9-11  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 5:8**

### **Vrygespreek deur God se verbondsliefde**

Ons sê soms van 'n stout seuntjie: "Hy is darem 'n regte goddelose mannetjie!" Dan bedoel ons daarmee dat hy 'n kwajong is, hy vang so dan en wan 'n bietjie katekwaad aan, soos in my jong dae die Trompie van ouds.

Wanneer die psalms die woord *goddelose* gebruik, is dit veel meer intens – só intens dat Psalm 5 sê dat God die goddelose haat. In Psalm 11:5 (OAV) staan daar, "sy siel haat die goddelose". Daar is 'n rede vir sy haat. Die goddelose word deur middel van baie verskillende terme in die psalms beskryf soos "dwaas", "redeloos", "trots", "spotters", "huigelaars", "leuenaars", "bedrieërs" en "geweldenaars". Daar is egter een kenmerk onder hierdie kenmerke wat uitstaan, naamlik die goddelose is in opstand teen die Gesalfde van die Here (vergelyk Ps. 2). In die Nuwe Testament sê die Heilige Gees in die brief wat Judas (vs. 4) geskryf het, "hulle verwerp ons enigste Meester en Here, Jesus Christus."

Teenoor die goddelose beskryf Psalm 5 die regverdige. Die regverdige is nie regverdig omdat hy in homself goed is nie. Nee, sê koning Dawid: "Maar ek, deur die grootheid van u goedertierenheid mag ek in u huis ingaan" (Ps. 5:8). Hy mag die Here ontmoet. Koning Dawid het self dade van onreg gepleeg – dink aan sy sonde ten opsigte van Batseba en Uria. Dawid weet dat hy self nie kan aanspraak maak om God in sy tempel te ontmoet nie. Hy kan slegs op grond van God se goedertierenheid aanspraak maak. Wat 'n mooi woord is hierdie woord "goedertierenheid". Dit is 'n woord wat God se verbondstrou, sy verbondsliefde, beskryf. Dit is 'n liefde wat sonde wil vergewe, wat mense van hulle sonde wil skoonwas. Lees in 1 Korintiërs 6:9-11 hoe die goddelose dade van die kerk in Korinte beskryf word. Let op hoe dit met Psalm 5:5-11 se goddelose dade ooreenkom. Let egter dan ook op hoe die Heilige Gees die skoonwassing in 1 Korintiërs 6:11 beskryf. Dit is 'n skoonwassing in die Naam van die Here Jesus Christus – die hoogtepunt van God se verbondsliefde.

*Sing: Psalm 89:1*

*Ds Louis Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)*